**Nie een wat My geminag het, sal die land sien nie**

**Num 14:1-35**

**27 Junie 2021**

1. Num 13: Twee teenstrydige verslae na verkenningstog deur die beloofde land
2. Num 14: Gevolge van die teenstrydige verslae. Rolspelers: (1) die volk (2) Moses (3) die Here
3. Optrede van Moses (Num 14:5-19)
    a. Moses en Aäron val op hulle gesigte (v5)
    b. Josua en Kaleb skeur hulle klere (v6)
    c. Volk wil Josua en Kaleb doodmaak (v10b) … dan verskyn die Here
    d. Die Here wil die volk uitroei, en Moses 'n volk maak (12)
    e. Moses se pleidooi:
        i. Die Here se Naam moet nie in oneer gebring word deur ander volke nie (v13-16)
        ii. Die Here moet binne Sy karakter optree: lankmoedig, goedertieren, vergewensgesind, straf sondes (v17-19)
        iii. "Laat U groot mag nou bekend word" (v17)
    f. Implikasies vir ons gebede:
        i. Ons bid nie primêr vir eie gewin nie, bid primêr vir God se eer
        ii. Ons bid binne die raamwerk van God se plan vir die realisering van Sy plan
        iii. Al weet ons nie wat die uitkoms is nie, bid ons (juis) daarvoor
4. Optrede van die Here (Num 14:20-35)
    a. Volk se probleem: tart die Here, luister nie na Hom nie, minag Hom, verset hulle teen Hom (v22, 23b, 29)
    b. Sekerheid van God se optrede: (1) So seker as Hy leef, en (2) So seker as wat die aarde met die heerlikheid van die Here gevul sal word
    c. Oordeel van die Here:
        i. Hy vergeef hulle (v20)
        ii. Nie een wat Hom geminag het, sal die beloofde land sien nie (v23)
            - Almal ouer as 20 sal in woestyn sterf (behalwe Josua en Kaleb)
            - Oor die loop van 40 jaar
            - Die volgende geslag sal wel die land inneem
        iii. Die Here is steeds lankmoedig (bereid om 40 jaar te wag), goedertieren (sorg tot op sterfdag en sorg vir volgende geslag), vergewensgesind (volk mag 'n nageslag hê met wie God verder sal werk), straf steeds sonde (eerste geslag sal uitsterf), tree steeds op dat selfs die ander nasies Hom moet erken
    d. Wat ons van die Here leer:
        i. Verstommend hoe die Here die situasie hanteer binne Sy plan, binne Sy karakter, selfs sonder om nasies rede te gee om Hom te minag
        ii. Die realisering van die Here se plan is afhanklik van mense, maar die Here is nie oor mense verleë nie
        iii. Die Here het verwagtinge van Sy gelowige kinders (Heb 3:7-15)
            - Moet nie hardkoppig en afdwalerig wees nie
            - Moet nie die Here uittart of op die proef stel nie
            - Moet nie 'n gesindheid van ongeloof hê nie
            - Moet volhard tot die einde toe
            - Moet dringend wees in hulle toewyding aan die Here